**14 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 36 en Johannes 8:12-19 (1933/53)
Fokusgedeelte: Psalm 36:10

# … in U Lig …

Dawid, die kneg van die Here, dig hierdie psalm as hy die boosheid van die goddelose mense aanskou. In verse 2-5 skets hy, natuurlik onder inspirasie van God die Heilige Gees, dat ons nooit die mag van boosheid moet onderskat nie. Die goddelose mens (letterlik “die mens sonder God”) is ’n verdorwe mens. Sy bestaan in totaliteit is verdorwe. Let op, alles aan hom is verkeerd:

- sy oë (vers 3) – hy sien die lewe verkeerd, hy sien sy eie sonde nie raak nie, hy vrees die HERE nie
- sy mond (vers 4) – hy praat verkeerd, sy woorde is onreg
- sy verstand (vers 5) – sy verstand is verduister, hy bedink wat sleg is vandat hy opstaan tot hy gaan slaap

Die weg van die goddelose is duidelik ’n pad van ontaarding.

Vanaf die sesde vers verander die psalm en nou word nie meer na die goddelose gekyk nie, maar die wat opreg van hart is. Dawid begin met die goedertierenheid van die HERE – die goedheid en liefde waarmee Hy sy kinders aanhoudend oorspoel. En nou in vers 10 sien ons duidelik die verband met die Nuwe Testament. Johannes 4 en 5 verduidelik ons dat God se “fontein van die lewe” asook God se “lig” Niemand anders is as ons Heiland en Verlosser Jesus Christus is nie.

Ons wat weens die erfsonde en ons eie boosheid op die weg van die goddelose was, is in Christus omgekeer. Psalm 36 gebruik die genadewoord “geregtigheid” as daar van die HERE se kinders gepraat word. As ons Here Jesus deur sy Gees in ons verdorwe harte lig, dan sien ons oë die lig, dan verkondig ons mond sy Naam en verheerlik Hom in sy majesteit, dan is ons duistere verstande so verlig dat ons sy wil dag en nag kan oordink. Leef dan vandag met die troos dat die Here Jesus (God se Lig) jou sal lei in die waarheid en jou sal neem op die pad van die heiligmaking deur sy Gees.

Sing: Psalm 36:1, 2, 3 (1936)

Teologiese Student JP le Roux